## REKLAME & BEMARKING, KOMMUNIKASIE & JEUG AKSIE
## Petro Grové

Dit is vir my aangenaam om te kan verslag doen van my werksaamhede as Raadslid van bg. portefeulje vir 2018/19.

JOERNAAL 2019
Die grooste projek aangepak gedurende die termyn, was die samestelling van die JOERNAAL 2019. Van meet af aan, was dit my doel om 'n moderne publikasie, gemik op die toekoms, saam te stel. Daarom is navorsingsartikels van Dawn Mansfield, Nadia Breytenbach en Helena Theron, wat nog nooit voorheen gepubliseer is nie, daarby ingesluit.

Daar is ook hulde gebring aan perde en ruiters wat diep spore in die SA Boerperd geskiedenis getrap het. Die eerste verhaal van 'n reeks SA Boerperd verhale deur Juliette Whelpton, is ingesluit. Die besondere bydraes deur George Borcherds en Di Pieterse, spreek van die respek wat ons ras reeds in die buitewêreld het. Baie dankie aan al die skrywers en adverteerders, sonder wie die publikasie nie moontlik sou wees nie. Baie dankie ook aan Charmaine Alberts en Caria Vermaak van *Firefly Publications* vir hulle bystand en ondersteuning.

Met fyn beplanning, kon ons daarin slaag om wins te maak uit die projek. Daarom kon ons dan ook die joernaal gratis lewer aan alle stoete. Tydens die Nasionale Kampioenskappe, is die joernaal ook gratis gegee aan alle ruiters, vertoners en koetsiers. Die joernaal sal deels as bemarkingsmateriaal gebruik word tydens die ALFA ekspo (September 2019). Om die Joernaal gratis in die hande van elke SASA beoordelaar, sowel as ander buite-beoordelaars en afrigters te plaas, behoort ook 'n groter bewusmaking van ons ras, en rol die wat hulle reeds in Suid-frika speel, te bewerkstellig. Dit sal dit ook gratis versprei word in winkels, bv. Western Shoppe. Lede kan gerus boeke aanvra van my om hiermee behulpsaam te wees.

PUBLIKASIES
- 'n Rasprofiel in die amptelike "SOUTH AFRICAN BREEDS" uitgawe wat 5 jaarliks uitgegee word deur Plaasmedia;
- 'n Reklameblad is in die HOY program geplaas;
- SA Sporting Horse: Skou-uitslae (HOY);
- SA Sporting Horse: Skou-uitslae, Nasionale Kampioenskappe, 2019
- Landbou Weekblad: Nasionale Skou-uitslae (Publikasiedatum nog onbekend)

- Landbou Weekblad: Skou-uitslae, Vrystaan Kampioenskappe;
- Landbou Weekblad: Skou uitslae, Wes-Kaap Streekkampioenskappe.
- Farmers Weekly: Doctor Mac se artikel.

ANDER ADVERTENSIEMATERIAAL

- Die borg van skou-spring materiaal om by Misty Meadows in die skouspring-baan tydens skou-spring kompetisies vertoon te word;
- Reklamemateriaal (Baniere, ens., om tydens ekspo's en skoue vertoon te word). Die materiaal is tydens die ALFA ekspo (September 2018), in gebruik geneem.

PROJEKTE OM UIT TE REIK NA ANDER LANDE & DISSIPLINES

- DRESSEER: Tydens die Nasionale Kampioenskappe, het die bestuur van DSA (Dressage Suid-Afrika) ingestem dat die skou as geaffilieerde skou erken kan word, end at ruiters dus daar graderingspunte sou kon ontvang. Ongelukkig het niemand belang gestel nie.
- SKOUSPRING: Daar was van die begin van 2019 onderhandelinge begin met SA Boerperd ruiters van Mosambiek en Namibië om 'n interne SA Boerperd internasionale skouspring kompetisie te kon aanbied. Ongelukkig kon ons tot op hede nog nie tot 'n vergelyking kom met die SAEF (South African Equestrian Federation), wat moet toestemming daartoe gee, nie.
- WESTERN MOUNTED GAMES: Daar is ook onderhandel (Sarel & Tharina Kritzinger) om Western Mounted Games as aparte dissipline saam die die Nasionale Kampioenskappe aan te bied, maar ongelukkig het hulle reeds 'n ander groot byeenkoms 2 weke voor die tyd gehad. Die doel daarvan was om meer mense tydens ons skou na die pawiljoene te lok.

WEBBLAD

- Die rekenaar vir die berekening van die verkoopwaardes van perd, is vanaf Januarie 2019 beskikbaar.

FACEBOOK

- Die amptelike blaaie van die Genootskap is steeds:
  SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP
  SA BOERPERD AMBASSADEURS
  SA BOERPERD JEUG-AKSIE.
  Baie lede en nie-lede is egter baie aktief op die nie-amptelike blad: SA BOERPERD PICTURES & SALES. In die verband bedank ek graag vir Riana Pretorius vir haar gereelde plasings.
- Alle streekkampioenskappe en geleenthede wat deur die jaar deur die Genootskap aangebied is is geadverteer. Dit sluit in:
  Gauteng Streekkampioenskappe;
  HOY;
  Mpumalanga Streekkampioenskappe (Hoëveld klub);
  Vrystaat Streekkampioenskappe;
  KZN Streekkampioenskappe;
  SA Boerperd Veiling;
  Alfa Ekspo;
  Beoordelaarsopleingskursusse;

- Borge van die Communicator het blootstelling gekry. Die borge was: Rooigras; JJ Kemp; Burgerstrots & A2; Hoefstraal; Mooikloof; Aandag & Langsig stoete.
- Alle inligting rakende skoue en skou-uitslae (ook foto-uitslae), is op datum gehou.

COMMUNICATOR

- Inligting en tersaaklike dokumente is beskikbaar gemaak op die *communicator*. Die Communicator stel dan ook die operateur (myself) in staat om sms'e te stuur namens die kantoor in omstandighede waar die kantoor nie beskikbaar is nie. Tydens die Nasionale Kampioenskappe 2019, is al die maande vir 2020 ook reeds verkoop aan die borge: Burgerstrots & A2, Langsig, Sianda, Hoefstraal, Ferrzé, en Rooigras Stoete. Die Communicator kos die Genootskap nie geld nie, aangesien die kostes ten volle gedek word deur hierdie borge. Baie dankie aan hulle.

JEUG-AKSIE

Dit is 'n uitdaging vol te hou met die Jeug-Aksie. Die doel is om by elke streekkampioenskap iets spesiaal vir die jeug aan te bied.. Daar is egter dikwels nie tyd nie, asook nie genoeg kinders wat betrokke wil wees nie. Om hulle aktief op Facebook te hou, blyk dieselfde probleem te hê. Ons het egter daarin geslaag om tydens die Nasionale Kampioenskappe 'n pret-aand by die die Nasionale Kampioenskappe te kon aanbied. Baie dankie aan die Jeugraad vir hulle organisering en harde werk in die verband. (Sien Verslag van Lisa Gouws).